



Jesus Vergewe Sonde

Die Here Jesus het baie wonderwerke gedoen. Hy het die storm op see stil gemaak. Hy het die siekes gesond gemaak. Hy het selfs iemand wat dood was, weer *lewendig* gemaak.

En toe het Hy iets gedoen wat nog *baie meer* wonderlik is! Kom ons luister.

Eendag was Jesus by een van sy vriende tuis. Daar was baie mense wat na Hom gekom het om te luister. Selfs belangrike dokters en regters het na Hom gekom. Die huis was so vol dat niemand meer by die deur kon inkom nie.

Almal luister met aandag..., maar wat is daardie geluid wat hulle hoor? Die geluid kom van bo af, van die dak bokant hulle af. Hulle kyk boontoe en sien 'n gat in die dak, en vier mans wat deur die gat na hulle kyk.

“Oppas!” sê die mans.

Hulle het 'n matras wat aan vier toue vasgemaak is, deur die gat laat afsak... af, af tot op die grond, voor Jesus se voete. Die mense gee pad, want hulle sien daar lê 'n *man* op die matras.

“Ons kon nie by die deur inkom nie”, sê een van die mans, “daarom het ons 'n gat in die dak gemaak om hierdie siek man by Jesus te kry.”

Hulle het gedink Jesus sal *sekerlik* hierdie man gesond maak.

Maar die Here Jesus het na die man gekyk, en Hy het gesien wat *niemand* anders kon sien nie. Hy het gesien dat die man hartseer was oor sy sondes.

Jesus sê toe: “Seun, jou sondes is jou vergewe!”

Nee, dink die mense verbaas. Die dokters en regters kon nie glo wat hulle hoor nie. Hulle het gedink: “Dit mag Jesus nie sê nie! Hy is dan maar net 'n *mens*. Net *God* kan sondes vergewe.”

Hulle het nie geglo dat Jesus die Seun van God is nie.

Die Here Jesus het geweet wat hulle dink. Hy sê: “Ek sal julle wys dat die Seun van die mens sondes kan vergewe.” Hy sê toe vir die man: “Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe.”

Dadelik staan die man op, hy rol sy matras op, en gaan sing-sing huietoe. Hy is so gelukkig, want hy is gesond, en veral omdat sy sondes vergewe is. *Almal* het God geprys, omdat Jesus sulke wonderlike dinge gedoen het.

Omdat Jesus die Seun van God is, *kan* Hy ons sondes vergewe. As ons spyt is oor ons sondes en vir die Here *vra* om ons te vergewe, *sal* Hy al ons sondes vergewe. Dit maak ons ook baie bly. Selfs as ons *siek* is, kan ons bly wees, omdat ons weet dat ons sondes vergewe is. Want dan weet ons dat God ons *liefhet*.

Om ons sondes te vergewe is *baie* belangriker as om gesond te word as ons siek is. Dit is selfs baie belangriker as om iemand wat dood was, weer lewendig te maak.

Gesels hieroor:

1. Wat het die vier mans van Jesus verwag om te doen?
2. Hoe het Jesus hulle verras?
3. Hoe kan ons na Jesus gaan om vir Hom te vra om ons sondes te vergewe?

In die Bybel staan:

“Welsalig (‘gelukkig’) is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is.”

(Psalm 32:1)

Wat ons kan lees:

Markus 2:1-12

Hier is ’n lied om ons te herinner hoe ons in die HERE bly kan wees.

Sing, sing, sing en wees bly,
Sing vir die Here, vrolik en bly,
Sing, sing, sing en wees bly,
Sing vir die Here, vrolik en bly.
Dink jy daar’s niemand wat omgee vir jou?
Dink jy dit help nie om te vertrou?
Wees maar nie bang nie, die Vader daar bo
Hy is met jou, as jy in Hom glo!

’n Gebed:

Here Jesus, ons is so bly dat ons mag bid, en so by U mag kom. Al die mense behoort U te dien en lief te hê, omdat U so goed en vol genade is om ons sondes te vergewe. Help ons, Here, om U al hoe meer lief te hê. Amen.

Marian Schoolland

© 2019

www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit ‘Leading Little Ones to God’
is deur Marianne Bron vertaal.*